

Vrydag 11 Februarie

Skrifgedeelte: Eksodus 23:1-13

Fokusgedeelte: Eksodus 23:7

Vir sonde moet betaal word

Baie mense dink dat as God sonde vergewe, dan skryf Hy dit sonder meer af. Besighede skryf slegte skuld af wanneer dit duidelik is dat daar geen manier is waarop hulle die geld kan invorder nie. Eintlik beteken dit dat hulle self die skuld betaal. Hulle hou nie meer die kliënt daarvoor verantwoordelik nie.

Wanneer God sonde vergewe, beteken dit dat iemand daarvoor betaal het. God is so heilig en so regverdig dat Hy nie die sonde sommerso afskryf nie. Nee, daar moet daarvoor betaal word. Sy geregtigheid eis dat die sonde nie alleen met tydelike straf nie, maar ook met ewige strawwe na liggaam en siel gestraf moet word.

Ons bely: “Ons kan aan hierdie strawwe nie ontkom nie, tensy aan die geregtigheid van God voldoen word.” Daar is dus net een manier om aan hierdie strawwe te ontkom – iemand moet daarvoor betaal. God self het immers gesê (Eks 23:7): “Ek, die Here, vind nie ’n skuldige onskuldig nie.” As God sonde sonder meer sou afskryf, daarvan sou vergeet sonder dat iemand daarvoor betaal, dan sou dit beteken dat Hy skuldiges onskuldig bevind en sou Hy sy eie heiligheid en geregtigheid verloën. Nee, vir sonde moet betaal word, anders is God ontrou aan Homself en dit kan tog nie.

Die vergewing wat God gee is dus nie goedkoop of verniet nie. Dit is ’n erkenning dat die volle prys betaal is. Hierdie vergifnis is dus eintlik die gee van ’n kwitansie wat sê: “Vir hierdie sonde is ten volle betaal!” As gelowiges weet ons dat ons sonde nie sonder meer afgeskryf is nie, maar dat Jesus Christus aan God se geregtigheid voldoen het deur met sy liggaam en bloed dubbel en dwars die prys te vereffen. Mag hierdie wete vandag en elke dag my manier van lewe vorm!

Sing: Skifberyming 9-3:1, 2

Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)